



128 jaar oue orrel is Potchefstroom se trots

Op 25 Februarie 1866 is die kerkgebou van Gemeente Potchefstroom ingewy. Vir die afgelope 153 jaar is hier elke Sondag eredienste gehou. Hierdie is die oudste kerkgebou noord van die Vaalrivier, en dit is in 1978 tot 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar.

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

In 1891/'92, 26 jaar na die inwyding van die kerkgebou, word verbeterings aangebring. 'n Plafon word ingesit, en ordentlike plankvloere vervang die vasgestampte en gesmeerde grondvloer. Vir die eerste keer word banke ingesit, en behoorlike lampe. Die galerye word aangebring, en ook 'n pyporrel. Die orrel is in Londen bestel van die firma Bevington and Sons. Hierdie is die oudste pyporrel in die voormalige Transvaal. Albert Troskie skryf in sy boek *The pipe organ heritage of South Africa*: In daardie dae was die koms van 'n pyporrel 'n baie belangrike gebeurtenis met kulturele waarde. Die seun van die destydse orrelis JS Perold, J du P Perold, skryf in 1939: Die orrel is per trein in 12 groot kratte tot by Vryburg vervoer en vandaar deur Ossewaens tot op Potchefstroom. By die ingang van die dorp het sy pa angstig vir die Ossewaens gewag en hulle na die kerk begelei, terwyl hy na die kratte gekyk het asof dit die kosbaarste skatte in die wêreld bevat. Sy pa, wat geen opleiding as orrelbouer gehad het nie, het dit reggekry om die instrument aanmekaar te sit, en hy het dit so goed gedoen dat dit vir die volgende 50 jaar sonder probleem gespeel het.

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uiters 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Bevington het 'n uitmuntende instrument gebou, met ryklik versierde fasadepype, wat in 'n donkergekleurde dennehoutkas geïnstalleer is. Selfs die houtpype aan die kante is handgeverf.

Die redaksie aanvaar
verantwoordelikheid
vir die inhoud.
Menings deur
skrywers uitgespreek,
is egter nie
noodwendig die
beleid of standpunt
van die Hervormde
Kerk nie.

Prof Troskie sertifiseer in 2010 dat die orrel van groot historiese belang is en verdien om sorgvuldig in stand gehou te word. Dit behoort nie herbou of verander te word nie, aangesien dit die geskiedkundige waarde daarvan sal benadeel.

In November 1891 het ds CW du Toit, wat toe die predikant van die gemeente was, 'n informele ingebruiknemingseremonie in die kerk gelei. *De Volkstem* het op 5 November 1891 so daaroor berig: *De heer Perold speelde op bekwame wijze de accompagnementen van de verscheidene Psalmen en Gezangen en de algemeene opinie was dat de gemeente hoogst tevreden met de orgel kan zijn, het, was een uitmuntend goed instrument.*

Verskeie orreliste het oor die jare heen die gemeente se sang op die historiese orrel begelei. Sedert 1984 en tydens my dienstrydperk as predikant het die heer Nees Brouwer tot ongeveer 1989 as orrelis gedien. Vir die afgelope 30 jaar is die begaafde musikant en dogter van Nees Brouwer, Sanette Kruger, die orrelis van die gemeente.

In 2015 is die orrel volledig tot sy oorspronklike toestand gerestoureer. Op 26 Mei 2019 het die gemeente op informele wyse die ononderbroke gebruik van die orrel vir die begeleiding van die gemeentesang vir bykans 128 jaar met 'n orrelfees en 'n optrede deur die Mannekoor van Potchefstroom gevier.

Sanette Kruger, orrelis van die gemeente, en haar ma, Babs Brouwer, bekende orrelis en koorleier van die Potchefstroomse Mannekoor, het met uitmuntende orrelspel en orrel- en klavierduette die gemeente in vervoering gehad.

Ds Willem Kok, Potchefstroom

Lief en leed

- Die volgende predikante verjaar tot 5 Julie, en word hartlik geluk gewens:

- o Vrydag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (emeritus)
- o Sondag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (emeritus)
- o Maandag 1 Julie: Di WA (Willie) Botha (Lydenburg),
MM (Marlize) Gasson (Benoryn) en
M (Maryka) Potgieter (Newlands)
- o Dinsdag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (Delmas)
- o Vrydag 5 Julie: Ds C (Carusta) van der Merwe (HTK/beroepafwagend)

Gemeentes en bediening

- **Ds A (Aniena) Jansen van Rensburg** van Hartbeesfontein (deelyds) het 'n beroep ontvang na Leeudoringstad (deelyds).
- **Ds JBJ (Kiewiet) van Deventer** van Malelane het 'n beroep ontvang na Joachim Prinsloo/Ruskoppies.
- Alle korrespondensie aan **Gemeente Derdepoort** moet gerig word aan die **skriba**, mnr Sarel Booyesen, by sarelbooyesen@gmail.com (telefoon 076 319 6975). Die **kassier** is Marna Crause, mcrause@medihelp.co.za, en die **skriba vir registrasie** is mev Elise van Niekerk, mej@mweb.co.za / 073 808 7890.
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.
- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of nhkDullstroom@gmail.com om die Sondag te bevestig.



Ds Aniena Jansen van Rensburg



Ds Kiewiet van Deventer

Vergaderings

- Vrydag 5 Julie: Plesion Direksievergadering

Studentesake

- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2020 Teologie aan die Universiteit van Pretoria** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 26 Julie** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van ds Carusta van der Merwe (cvdem@up.ac.za).

Kerklieke publikasies

- Lees in **Die Hervormer** van Julie 2019
 - o Polsslag van ons jeug
 - o Kinderdeelname aan die Nagmaal
 - o Toekoms van ons kategesemateriaal

Lees *Die Hervormer* volledig by www.hervormer.co.za





Kerkargief

Die jaarlikse byeenkoms van **Protestantse Kerkargiewe** met Afrikaans as gebruikerstaal het op 11 en 12 Junie in Stellenbosch plaasgevind. Die NG Kerk se Argief in Stellenbosch het die konferensie gereël, en die tema was *Vat of los?* Die vinnige vraag wat by vergaderings en byeenkomste (veral buite argiefkringe) opduik, is of digitering van papier die laaste en goedkoop antwoord bied vir die bewaring van dokumente. Die antwoord was 'n oorweldigende nee. Die uitdagings rondom elektroniese bewaring van dokumente wat ook op papier bestaan is duur, net soos grootskaalse digitering self.



Nader aan die kerklike vuur het ds Frans du Plessis van NG Kerk Brits gepraat oor die projek waaraan hy tussen 2013 en 2016 vir die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) in Genève gewerk het. (Die NHKA is ook lid van dié liggaam.) Met groot koste en moeite is die argiewe gedigiteer – slegs vir interne gebruik binne dié liggaam – en die oorspronklike word ook steeds bewaar. Die NG Kerk, die NHKA en die Gereformeerde Kerke het omvangryke historiese versamelings, deels vanweë die groot rol wat kerke in die gemeenskap gespeel het. Daar is geen plaasvervangende instansies daarvoor nie.

SP Engelbrecht-museum



- Die NHKA se Kerkmuseum, die **SP Engelbrecht-museum**, noui u hartlik uit om 'n besoek te bring, enige dag per afspraak. Kontak ds Johann de Bruin by cjdb@telkomsa.net of 082 733 3951 op WhatsApp. Sluit gerus aan by ons Facebookblad "SP Engelbrecht Museum" vir wetenswaardighede en meer inligting. Ons is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika, en met verskeie temas en voorwerpe vertel ons die verhaal van ons Kerk sedert die vroegste tye tot vandag.
- **Ons het 'n doodskleed!** Oom Sarel Benade van Noordwestelike Pretoria het op ons oproep gereageer met die blye nuus dat ons reeds sy oupa Gert Benade se doodskleed in ons klereversameling het. Met 'n bietjie soek- en speurwerk kon ds Johann de Bruin dit vind in ons reuseversameling. Oupa Gert is 1863 gebore en is op 92 in September 1955 in die Rebeccastraatbegraafplaas, Pretoria, ter ruste gelê in 'n ander doodskleed, aangesien sy bedoelde een te diep gebêre was en sy eggenote, tante Neeltjie (tante van prof PJT Koekemoer), wat dit vermoedelik gemaak het, hom reeds in 1931 ontval het. Oupa Gert was in die winter van 1910 een van die medestigters van Gemeente Humpata in Angola.
- **Fondsinsameling vir die Museum:** By die **SP Engelbrecht-museum is te koop:** 21 bokse ou hout **portretrame** (280) en 6 bokse raamglas – net 'n paar breë rame, andersins smal tot gemiddeld; alles mooi skoongemaak en gesorteer. Enkelrame vanaf R20, R50 en R100 plus. R2 000 of beste aanbod vir alles. 9 x beeldjies (13 x 11 cm) van **ds LGF**

Biccard van Pietersburg (1875-1885) deur beeldhouer Phil Minnaar in 1986 @ R100 elk. 800 x **bronspenning**s van 1886-1986 Gemeente Witfontein wat gekies het om die NHKA te handhaaf in die tyd van die mislukte kerkvereniging @ R20 stuk. **Stel van 8 plakkate** oor die geskiedenis van die NHKA @ R250, of R45 per plakkaat (A2 = 600 x 420 mm): Predikante, Ouderlinge, NHSV, Nagmaal en Doop, Bybelvertaling, Kerkhervorming, Voortrekkers, Liturgiese Jaar. Ons kan dit via Postnet vir u stuur @ R99 per pakkie. Ideale geskenke vir kategesekinders en lidmate.

'n Gedig

Ek wag vir die takke

In die winter
wag ek vir die blaarloze takke
om met sonsopkoms
in die vorm van skaduwees
teen die muur te kom staan

ek wag nie
vir 'n boodskap nie
ek wag nie
vir die liefde nie
ek wag nie
vir die wederkoms nie

ek wag vir die takke
teen die ylblou middaglug
wat in die nag
die uitsig versper na die maan.

Fransi Phillips

(Uit: *My lied van die niet*, 2002)

Toerusting

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
Premierkursus oor brugbediening
Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
Week 2: 4-7 November
Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
Koste R2 200 (BTW ingesluit)
Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Hoe om te troos wanneer woorde ontbreek
Inligtingsessie deur ds Braam Klopper

Datum: Woensdag 24 Julie 2019
Tyd: 08:30 vir 09:00 tot 14:00
Venue: Every Nation Willows Church,
Farmweg 750, Equestria
Koste: R100 per persoon (sluit verversings in)
VBO-punte vir Etiek: 5

Ds Klopper het 32 jaar ervaring as gemeenteleraar
en 20 jaar as pastorale terapeut in hantering van rou

Uitnodiging deur:

sonjasmith 

Elite Funeral Group

Meyerspark | Tel: 012 803 0788 (all hours)

www.sonjasmith-funerals.co.za

FUNERALS WITH CARE, COMPASSION AND DIGNITY

Navrae en besprekings: 012 803 0788 meyerspark@ssf.co.za

Barmhartigheid

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Krugersdorp.** (Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van hul gemeentes sal insluit.)

Wat behels die pos?

- o U sal optree as versorger vir tot ses wetsbestede seuns.

Wie kan aansoek doen?

- o Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar (verkieslik 'n getroude egpaar maar nie daartoe beperk nie).
- o Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen. Die persone sal egter vir die tydperk van hul aanstelling moet inskakel by die betrokke NHKA-gemeente.
- o Persone met 'n goeie aanvoeling vir kinders.
- o Geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.

Aansoeke sluit op 19 Julie 2019. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis by die pakket ingesluit.

Kontak die volgende persone vir meer inligting:

Mnr O (Otto) Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / 060 968 4907 / kinderhuise@nhk.co.za

Mev SL (Suzanne) van Deventer: 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za

Mev K (Kotie) van Niekerk: 060 968 4906 / kotie@rata.org.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R3 865 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Allegaatjie

Elke voëltjie het sy lied,
hadede en kokkewiet.
Of dit fraai of goor of gek is,
jy moet sing soos jy gebek is.

Dit is Philip de Vos se raad aan jongmense. Hy sê: *Dis die belangrikste les. Doen wat jy kan. Ek probeer niemand anders wees nie. Ek kan nie skryf soos Karel Schoeman nie. Ek skryf soos ek skryf. Ek doen wat ek doen. En ek dink elkeen kan.* (Beeld, 18 Junie 2019)

Fondsinsamelings

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
R5 000 vir 'n 4-bal plus putjiegorg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Ewige, heilige, ondeurgrondelike God,
ek kom na U toe.
Ek wil hoor, U antwoord.
Ek wil U vertrou en U liefhê, U en al u skepsels.
In u hande lê ek my sorg, my twyfel, my vrees.
Ek bring geen geloof nie, ek het geen vrede nie.
Ontvang my.
Wees by my sodat ek by U kan wees dag ná dag.
Lei my dat ek U vind en u barmhartigheid.
Aan U wil ek behoort, U wil ek dank, U wil ek loof.
Here, my God.

Jörg Zink

(Uit: *'n Keur van wysheid*, Nina Smit, 2004)

